higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

(11020323)

3 Maart 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

250Q1S2003

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 TFR is die grootste afdeling van Transnet en is verantwoordelik vir die nasionale verspreiding van goedere per spoor.

1.2 Intermodale en multimodale dienste word gebruik om goedere provinsiaal te vervoer.

1.3 Die bekendste klassifikasiestelsel wat in vragvervoer gebruik word, is die klassifikasie van gevaarlike goedere.

1.4 Khulula Airflight bied openbare binnelandse lugpassasierdienste.

1.5 Passasiers moet nie toegelaat word om handbagasie in 'n deuropening of paadjies te los nie.

1.6 Kaartjieverkoopsagente moet goeie kommunikasievaardighede hê.

1.7 Die skandering van besittings vir HAZMAT (gevaarlike materiaal) is deel van die bagasiehanteringsmodel.

1.8 Passasiers mag draagbare bagasie bring wanneer hulle per vliegtuig reis.

1.9 Die meeste terminale het nie sluitkasfasiliteite waarin passasiers hulle besittings kan bewaar nie.

1.10 Bagasie word ook met aankoms met X-strale geskandeer.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Definieer die volgende terme:

2.1 Kruierbrug ('Transtainer')

2.2 Tydnut

2.3 Vervoer

2.4 Naatlose aanvoerketting

2.5 Spoorwa ('Roadrailer')

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

VERVOERFASILITEITE EN -KOSTE

Sommige ondernemings is in 'n groot mate van die vervoer van grondstowwe en eindprodukte afhanklik. Vervoerkoste is gewoonlik hoog, veral in Suid-Afrika, waar die goedkoopste vervoermiddel, naamlik per skip, weens die ligging van talle ondernemings nie 'n opsie is nie. Spoor-, pad- en lugvervoer moet daarom gebruik word. As jou onderneming naby aan die mark geleë is, sal jou vervoerkoste laer wees. Met die hoë koste van brandstof is dit 'n groot voordeel.

Vervaardigingsnywerhede word gewoonlik naby aan groot dorpe en stede opgerig, met ander woorde naby die mark. Daar is 'n groter keuse van persele as 'n gebied 'n doeltreffende vervoerstelsel bied. Dit geld veral metropolitaanse gebiede, wat een van die redes is waarom die meeste fabrieke in Suid-Afrika in ons vier hoofnywerheidstreke gevind kan word: Gauteng (Pretoria-Witwatersrand-Vaaldriehoek), die Durban-Pinetown-omgewing, die Port Elizabeth-Uitenhage-omgewing en die Wes-Kaap-omgewing.

3.1 Noem kortliks die doel van die DRIE vervoermiddele wat in die uittreksel genoem word. (3 × 2) (6)

3.2 Noem VIER faktore waarvan passasiervervoer afhanklik is. (4)

3.3 Noem VYF spoorveiligheidsaspekte vervat in die Nasionale Wet op die Spoorveiligheidsreguleerder (Wet 16 van 2002). (5 × 2) (10)

3.4 Noem VIER hoofstukke wat oor padvervoerbedrywighede handel. (4)

3.5 Verduidelik SES faktore wat 'n groot impak op die koste van vervoer het. (6)

[30]

AFDELING 4

4.1 Verduidelik VYF uitdagings waarvoor minibustaxi's volgens Arrive Alive te staan kom. (5 × 2) (10)

4.2 Noem VYF faktore wat die instap van passasiers beïnvloed. (5)

4.3 Verduidelik kortliks hoe 'n vervalle vlugkaartjie hanteer moet word. (5)

4.4 Onderskei tussen *vaste koste* en *veranderlike koste*. (2 + 2) (4)

4.5 Noem TIEN Suid-Afrikaanse reguleringsliggame. (10)

[34]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE doelwitte van die etikettering en rangskikking van bagasie. (3 × 2) (6)

5.2 Verduidelik VYF steunaspekte wat die in- en afstap van passasiers vergemaklik. (5 × 2) (10)
[16]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou